

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM 'N LISENSIE OM ELEKTRISITEIT TE VOER EN UIT TE VOER

Ingevolge Artikel 11 van die Wet op Elektrisiteitsregulering, 2006 (Wet No. 4 van 2006); GreenCo Power Services (Edms) Beperk (GreenCo) stel hiermee alle inwoners in die Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit, Noordwes Provinsie in kennis dat 'n lisensie-aansoek by die Nasionale Energiereguleerder (NERSA) ingedien is om elektrisiteit in te voer en uit te voer. Onderhewig aan die goedkeuring van NERSA, sal GreenCo krag vanaf die Suider-Afrikaanse Kragpoel en ander bronne invoer met die doel om krag te voorsien, oor Eskom se transmissie- en verspreidingsnetwerk, aan Sibanye Rustenburg Platinummyn geleë by Hexrivierkompleks, Ou Mynweg, Rustenburg 0299, Noordwes Provinsie, Suid-Afrika.

Die lisensie-aansoek is ter insae beskikbaar by Rustenburg Openbare Biblioteek, Smit St 153, Rustenburg, 2999, Suid-Afrika.

Die aansoek is ook beskikbaar vir inspeksie op die GreenCo-webwerf: <https://africagreenco.com/>.

Alle belanghebbende partye en/of enige lid van die publiek kan binne 30 dae vanaf die datum van hierdie publikasie skriftelike besware by NERSA indien. Sodanige besware moet in die vorm van 'n beëdigde verklaring wees en moet aan NERSA gerig word deur enige van die adresse hieronder:

NERSA kontakbesonderhede

Fisiese adres

Die HoD: Elektrisiteitslisensiëring en Nakoming-afdeling
Kulawula Huis
Madibastraat 526
Arcadia
Pretoria

Posadres

Die HoD: Elektrisiteitslisensiëring en Nakoming-afdeling
Posbus 40343
Arcadia
0007
Suid-Afrika

E-pos adresse:

tamai.hore@nersa.org.za; siphawe.khumalo@nersa.org.za;
zuzeka.njouku@nersa.org.za; chisilo.mwanza@nersa.org.za en
kabelo.mkasi@nersa.org.za